Vinkie

Laerskool Fairland

Marketstraat 145, Fairland | 011 678-4591/2 | www.lsfairland.co.za | Jaargang 22 nr 28 | 1 Oktober 2015

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Baie dankie aan elke leerder, ouer en personeellid vir wonderlike samewerking gedurende die kwartaal. Dit was 'n kwartaal vol hoogtepunte op akademiese-, sport- en kultuurgebied.

Die saamkuier tydens die kaskardag was ook 'n heerlike geleentheid.

Ek wens een en almal 'n heerlike vakansie toe.

Ons groet vir Anneke Marx wat in Liezel van Niekerk se plek afgelos het. Baie dankie vir jou harde werk en dat jy elke keer so mooi inskakel by ons.

Baie geluk aan Erika Joubert met die geboorte van haar tweede kleindogter, Nica Carolien Venter, op Maandag 28 September.

Keanan Greyson

Ons is baie trots op Keanan en ons almal hier by Laerskool Fairland hou jou vordering dop!

Abigail Moorcroft

Ons dink aan Abigail Moorcroft wat 'n baie groot hartoperasie ondergaan het op Woensdag 30 September. Ons glo en vertrou dat dit sommer baie goed sal afloop. Abigail, jy en jou gesin bly in ons gebede!

Van die personeel

Ons wens mnr. Willie en Mariëtte 'n heerlike vakansie toe. Geniet elke oomblik in Ierland.

Mnr. Willie, baie dankie vir die voorloop hierdie kwartaal – dis vir ons as personeel 'n voorreg om die pad saam met jou te loop.

OUD-LEERDERS PRESTEER

Hoërskool Randburg

Baie geluk aan die volgende oud-leerders wat tot Hoërskool Randburg se studenteforum vir 2016 verkies is:

Charlize Burger Leana Meyer

Hoërskool Florida

Baie geluk aan die volgende oud-leerders wat tot Hoërskool Florida se Verteenwoordigende Leerderraad vir 2015/2016 verkies is:

Juan Botha Elaine Slooten

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende personeel wat reeds verjaar het of tydens die vakansie verjaar:

Schalk Aucamp 28 September (Beheerliggaam)
Carné Botha 04 Oktober
Johan Kilian 10 Oktober (Beheerliggaam)

Ons glo en vertrou dat jou nuwe lewensjaar sommer baie voorspoedig en geseënd sal wees.

BELANGRIKE DATUMS

KULTUUR		SPORT		ALGEMEEN	
18 Okt.	Juniorkoor: NG Weltevreden (aanddiens)	12 Okt.	Rugbyvaardighede begin	12 Okt.	Skool open
25 Okt.	Seniorkoor: NG Weltevreden	16 Okt.	Swemgala: IR Griffiths	12 – 14 Okt.	Gr. 6-leierskamp
		19 Okt.	Atletiekkliniek	12 Okt.	Begroting: Ouer-inligtingsessie (Lapa)
		23 Okt.	Swemgala: Montrose	14 Okt.	World Maths Day (gr. 4- tot gr. 7-leerders)
		27 Okt.	Atletiek: Vriendskaplike byeenkoms (L/s Orion – tuis)	17 Okt.	WOW-spelfees: Nasionaal
		30 Okt.	Swemgala: Montrose	21 Okt.	Sokkie: Gr. 6- en gr. 7-leerders
		06 Nov.	Swemgala: TrinityHouse Little Falls	26 Okt.	Algemene Oupervergadering (19:00 in Skoolsaal)
				28 Okt.	Dankdiens (Rugbyveld)

VAN DIE BEHEERLIGGAAM

UITNODIGING VIR TENDERS: BEDRYF VAN LAERSKOOL FAIRLAND-SNOEPIE

Wie dit mag aangaan

Geliewe kennis te neem dat Laerskool Fairland hiermee kennis gee dat skriftelike tenders ingewag word vir die bedryf van die skoolsnoepie op die skoolterrein. Die tenderproses open op 21 September 2015 en sluit op 12 Oktober 2015 om 12:00. Geen laat tenders sal oorweeg word nie.

Tenders moet skriftelik ingedien word by die skool (Vir aandag: Die Skoolhoof). Geen voorskrifte ten aansien van die uitleg van die tender word vereis nie, maar die tender sal onder andere aan die hand van die volgende riglyne beoordeel word:

1. Die aanbieding van 'n verskeidenheid wat insluit gesondheidskos en –koeldrank;
2. Kreatiwiteit;
3. Die effektiewe hantering van groot getalle kinders met spesifieke verwysing na bedieningspunte;
4. Mededingende pryse; en
5. Relevante ervaring.

Neem ook asseblief kennis dat indien u tender suksesvol sou wees, die skool 'n kontrak met u sal sluit wat onder andere die volgende kontrakbedinge sal bevat:

1. Betaling van huurgeld aan die skool sowel as elektrisiteitsgebruik;
2. Minimum standaarde ten opsigte van gesondheid en netheid;
3. Minimum voorraadvlakke;
4. Dienstye en –standaarde;
5. Die skool se reg om op spesifieke dae soos sport- en feesdae ook verkope van kos en koeldrank waar te neem;
6. Die kontraktermyn; en
7. Die skool se reg om die kontrak te kanselleer.

Na die sluitingsdatum sal 'n kortlys saamgestel word en u kan moontlik genooi word om 'n onderhoud by te woon. Die besluit om die tender toe te ken is finaal en geen verdere korrespondensie sal verwissel word nie. Die effektiewe datum van die kontrak is 01 Januarie 2016.

Geliewe enige navrae te rig aan mnr. Willie Goosen (011) 678-4591/2.

REDAKSIE

Vir Nica

Partykeer voel 'n mens net so keelvol dat jy wens die naweek wil aanbreek! Dis juis dan dat jy soms verras word met iets wat jou uit jou selfbejammering ruk en beskaamd laat besef hoe kosbaar die lewe is:

- 'n 12-jarige seun pak 'n Kilimanjaro aan om dankbaarheid vir sy bevoorregte lewe te toon en jy laat sak jou kop in skaamte omdat jy kla oor simpel goed.
- 'n Vrou vergeef haar aanrander en beloof om hom te help om sy skoolopleiding te voltooi.
- Onbekende armpies omvou jou van agter en sê: "Hello Juffrou!" asof jy die belangrikste persoon in haar lewe is.
- 'n Vernielde en vernederde Bokkaptein speel met soveel passie die laaste wedstryd van sy lewe dat hy weens beserings moet aftree.
- 'n Perfekte mini-mensie word gebore en vou piepklein vingertjies om joune en skielik is die wêreld 'n "magical" plek.

In elkeen van ons lewens is daar sulke oomblikke van wonder en suiwer vreugde. Ons is dikwels net te kop-onderstebo om dit raak te sien. Die lewe is soms rof, maar wanneer jy daadwerklik soek na die skone, die onskuld, die nuwe lewe en die dinge wat jou inspireer, word elke dag 'n kosbare ervaring wat jy in jou bêreboks wil wegsteek.

Iemand het eenkeer gesê dat God die wind gemaak het sodat ons die mooi prentjies in die wolke mag sien. My wens vir julle is dat julle in die komende twee weke, die wind in jul hare sal voel en die skadu's van die wolke op die berge, met 'n glinster in jou oog sal volg.

Lekker rus!

Erika

AKADEMIE

Skool sluit 2 Oktober om 11:00. Rapporte word om 10:45 by registerklasse uitgedeel.

KULTUUR

Seniorkoor

Die seniorkoor verwerf een goud en twee diplomas by die NEA. Julle harde werk is vir seker beloon. Ons is baie trots op julle! Baie dankie ook vir julle goeie dissipline en pragtige sang tydens die twee eredienste by NG Kerk Weltevredenpark. Julle is sterre!

Baie dankie aan ons gr.7-leerders wat 'n baie groot aandeel gehad het aan hierdie jaar se suksesstorie. Mag julle reis vorentoe met baie vreugdes, genade en mooi musiek versier word. Ons gaan julle mis!

29 September: Geen oefening nie.

Ons sien mekaar weer op 13 Oktober 2015

Oudisies vir 2016 sal vanaf 19-23 Oktober plaasvind. Inligting sal volg. Hou die Vinkie dop.

Belangrike datums

28 Oktober – Dankfees

11 November – Koorafsluiting

Oefeninge is Dinsdae 17:00 tot 19:00 in die saal. Skriftelike verskonings moet asseblief ingedien word indien 'n oefening nie bygewoon kan word nie.

Juniorkoor

Baie dankie aan al die juniorkoormaats wat so oulik gesing het Vrydag by die NEA. Ek is BAIE trots op julle! Baie dankie aan die ouers vir julle ondersteuning.

Onthou die datums

18 Okt - NG Kerk Weltevreden aanddiens.

28 Okt - Dankfees

Dankfees

Ons versamel leë 2 liter koeldrankbottels om te gebruik vir die Dankfees wat 28 Oktober 2015 plaasvind. Bring asb. so gou moontlik alle bottels na juf. Melissa se Persklas. Baie dankie!

NEA

Alle uitslae, dus oorspronklike sertifikate en repliekvorms, moet binne 7 dae na optrede ingehandig word by juf. Karen Nel, K12 (gr.R tot gr.3) en juf. Karen Brits, K48 (gr.4 tot gr.7). Uitslae sal dan in die saal afgelees word en die sertifikate sal later aan leerders terugbesorg word. Gr. 4 – gr.7 se rekords sal dienooreenkomstig aangepas word. Indien uitslae laat ingehandig word, verbeur die leerder die geleentheid in die saal, maar rekord sal nog steeds gehou word in die geval van gr. 4- tot gr.7- leerders.

Uitslae vir die volgende rondtes sal voortaan op die School Communicator aangebring word, aangesien NEA-deelname 'n groot aantal sertifikate tot gevolg het.

Young Performer Awards-UITSLAE

Gr.	Naam en van	Sertifikaat	Toekenning
1	Lienka Jordaan	Afrikaans verhalende poësie	Goud
1	Thalita Jordaan	Afrikaans verhalende poësie	Goud
1	Niel Marais	Afrikaans verhalende poësie	Junior diploma
1	Chemené Mentz	Afrikaans poësie ensemble	Junior diploma
1	Mignon Potgieter	Akrobaat danstrio	Junior diploma
1	Tiaan vd Merwe	English poetry ensemble	Junior diploma
1	Eben van Graan	Afrikaans verhalende poësie	Junior diploma
		Afrikaans poësie ensemble	Junior diploma
2	Nicola Bredenkamp	Afrikaans verhalende poësie	Junior diploma
		Afrikaans poësie ensemble	Junior diploma
2	Luané Human	Afrikaans poësie ensemble	Junior diploma
		Mimiek- en bewegingsdrama	Junior diploma
2	Jessica J v Rensburg	Afrikaans verhalende poësie	Junior diploma
2	Megan Jooste	Akrobaat danstrio	Junior diploma
		Akrobaat danssolo	Silwer
2	Mia le Grange	Mimiek-en bewegingsdrama	Junior diploma
		English narrative poetry	Junior diploma
2	Genevieve Parry	Afrikaans verhalende poësie	Junior diploma
		Klavierduet (eie keuse)	Silwer
2	Linda Potgieter	Afrikaans verhalende poësie	Junior diploma
2	Joané Vorster	Afrikaans verhalende poësie	Junior diploma
3	Anneke Bezuidenhout	Akrobaat danssolo	Silwer
3	Juané Booysen	Afrikaans verhalende poësie	Goud
		Afrikaans poësie ensemble	Junior diploma
3	Marizaan Cloete	Kontemporêre orkes (rock)	Junior diploma
3	Pierre de Villiers	Kontemporêre orkes (rock)	Junior diploma
3	Mikko Jv Rensburg	English narrative poetry	Goud
		Afrikaans verhalende poësie	Junior diploma
3	Ané Noëth	Sangsolo (eie keuse)	Goud
		Sangsolo	Junior diploma
3	Danél Pieters	Klaviersolo (eie keuse)	Junior diploma
3	Arno Pretorius	Kontemporêre orkes (rock)	Junior diploma
3	Diaan Rooseboom	Afrikaans verhalende poësie	Junior diploma
		Afrikaans komiese monoloog	Junior diploma
3	Inge Schoeman	English narrative poetry	Goud
		Afrikaans komiese monoloog	Junior diploma
		Afrikaans verhalende poësie	Goud
		English comic monologue	Goud
3	Nelius van Graan	Afrikaans komiese monoloog	Junior diploma
4	Tamryn Arter	Klaviersolo, beginners	Diploma
4	Isabella du Toit	Afrikaans komiese monoloog	Goud
4	Jarik Engelbrecht	Voorbereide mimiek	Diploma
		English narrative poetry	Diploma
		Afrikaans liriese poësie	Diploma
4	Jeanemari Hattingh	Afrikaans liriese poësie	Diploma
		English narrative poetry	Diploma
4	Ezaan Husselmann	Afrikaans poësie ensemble	Diploma
4	Maria Kotzé	Afrikaans poësie: Limeriek	Diploma
4	Mia Marais	Klavier, kleingroep (eie keuse)	Diploma
		Klaviersolo (eie keuse)	Goud
		Afrikaans dramatiese monoloog	Diploma
		Afrikaans verhalende poësie	Diploma
		Akrobaat danskwartet	Goud
4	Landi Swart	Klaviersolo (eie keuse)	Diploma
		Klaviersolo (eie keuse)	Diploma
4	Juan vd Merwe	Afrikaans komiese monoloog	Diploma
		Afrikaans verhalende poësie	Diploma
		Afrikaans poësie ensemble	Diploma
5	Adam Botha	Mimiek- en bewegingsdrama	Diploma
5	Caley Dames	Afrikaans verhalende poësie	Goud
		English comic monologue	Goud
		English scene (duologue)	Goud
5	Marné de Wet	Voorbereide mimiek	Goud
		Afrikaans komiese monoloog	Diploma
		Klaviersolo (eie keuse)	Diploma
		Klaviersolo (romanties)	Goud
		English narrative poetry	Diploma

5	Ilouise du Plessis	Voorbereide mimiek	Diploma
		Unprepared reading	Diploma
5	Elijah Flockhart	Voorbereide mimiek	Diploma
		English lyric poetry	Goud
5	Katlé J v Rensburg	English scene (duologue)	Goud
5	Zoë le Grange	Mimiek- en beweginsdrama	Diploma
5	Dené Potgieter	Akrobaat: danssolo	Diploma
5	Maria Prinsloo	Afrikaanse komiese monoloog	Diploma
		English scene (duologue)	Goud
		Afrikaans komiese monoloog	Diploma
5	Karla Rooseboom	Afrikaans verhalende poësie	Diploma
		English comic monologue	Diploma
		Afrikaans verhalende prosa	Diploma
		Oorredingstoespraak (redenaars)	Diploma
		Afrikaans komiese monoloog	Diploma
5	Chanelle Swanepoel	Klaviersolo (eie keuse)	Goud
		Klaviersolo (eie keuse)	Silwer
5	Lenka Theron	Sangsolo	Diploma
5	André van Graan	Klaviersolo (20ste eeu komposisie)	Goud
		Klaviersolo (romanties)	Diploma
		Klaviersolo (eie keuse)	Diploma
		Afrikaans komiese monoloog	Diploma
		Afrikaans samespraak	Diploma
6	Charlie de Kock	English scene (duologue)	Goud
6	Sancia Engelbrecht	Voorbereide mimiek	Diploma
6	Layla Flockhart	English narrative poetry	Diploma
		Voorbereide mimiek	Diploma
		Afrikaans komiese monoloog	Diploma
6	Zoë Franck	English narrative poetry	Diploma
6	Chloë Morrow	Afrikaans liriese poësie	Diploma
		English comic monologue	Diploma
6	Lize-Li Smit	Voorbereide mimiek	Diploma
		English narrative poetry	Diploma
6	Michelle Steenekamp	English narrative poetry	Diploma
6	Mathilda Steyn	English comic monologue	Diploma
		English narrative poetry	Diploma
		Voorbereide mimiek	Diploma
6	Inez Terblanche	Afrikaans verhalende poësie	Diploma
		Sangsolo (eie keuse)	Goud
		Sangsolo (popmusiek)	Goud
		Afrikaans komiese monoloog	Goud
		English comic monologue	Goud
		Afrikaans poësie ensemble	Diploma
		Sangsolo	Diploma
6	Bianca v Niekerk	Afrikaans poësie-ensemble	Diploma
6	Nadia van Niekerk	Sangsolo (popmusiek)	Diploma
7	Simoné Calldo	Sangsolo (popmusiek)	Silwer
7	Jean-Mari Engelbrecht	English narrative group prose	Diploma
7	Michaela Koen	Kontemporêre orkes (popmusiek)	Goud
		Sangsolo (popmusiek)	Goud
7	Margaret Kotzé	Afrikaans poësie ensemble	Diploma
7	Léhan van Belkum	English narrative poetry	Diploma
		English narrative group prose	Diploma
		Sangsolo (country & western)	Goud
7	André vd Merwe	Afrikaans poësie ensemble	Diploma
		Afrikaans komiese monoloog	Goud
7	Tiaan vd Merwe	Afrikaans poësie ensemble	Diploma

SATCH

Onthou asb. om julle name en uitslae vir juf. Lillian te gee.

Erika Joubert

SPORT

MINI-KRIEKET (Gr. 1- en gr. 2-leerders)

Oefentye

Maandae: 13:30 – 14:30
Dinsdae: 13:00 – 14:30

Onthou om sonblok aan te smeer en bring 'n kolf, tennisbal en koue water saam.

Sien julle voor die krieketnette!

Juf. Estelle

KRIEKET

1ste span vs BPMS

Fairland 126/1
BPMS 125/6
Beste kolwer: Divan Pienaar 61 n.u.n.
Beste bouler: Berndt Schreuder 2/23
Fairland wen met 9 paaltjies

1ste span vs Fontainebleau

Fairland 149/7
Fontainebleau 150/4
Beste kolwer: Divan Pienaar 40
Beste bouler: Berndt Schreuder 2/24
Fairland verloor met 6 paaltjies

2de span vs Unika
Fairland 128/8
Unika 112/5
Beste kolwer: Shaun Wilson 36 lopies
Beste bouler: Aiden Viljoen 1/10 lopies
Fairland wen met 16 lopies

2de span vs Dalmondeor
Fairland 107/4
Delmondeor 106/almal uit
Beste kolwer: Michael Wilson 53 lopies
Beste bouler: Keaghan Delport 3/9 lopies
Fairland wen met 6 paaltjies

3de span vs Dalmondeor
Fairland 85/1
Dalmondeor 84/almal uit
Beste kolwer: Armand Barnard 50 n.u.n.
Beste bouler: Leighton Campbell 3 paaltjies
Fairland wen met 9 paaltjies

o/11A vs BPMS
Fairland 215/1
BPMS 91 almal uit
Beste kolwer: Ulli Bronkhorst 104 n.u.n. en Ruben du Toit 91
Beste bouler: Juan Neveling 4/23 lopies
Fairland wen met 124 lopies
o/11 Geel vs Fontainebleau
Fairland 66/3
Fontainebleau 65 almal uit
Beste kolwer: Brandon 17
Beste bouler: Bernard 3/17 lopies
Fairland wen met 64 lopies

o/10A vs BPMS
Fairland 156/5
BPMS 141/ almal uit
Beste kolwer: Jayden Bezuidenhout 70 n.u.n.
Beste bouler: Zander Marais 3/16 lopies
Fairland wen met 15 lopies

o/10 Groen vs Dalmondeor
Fairland 62/almal uit
Dalmondeor 90/8
Beste kolwer: Brandon Botha 14 lopies.
Beste bouler:Gerrit Muller 2/8 lopies
Fairland verloor met 32 lopies

o/9A vs Fontainebleau
Fairland 183
Fontainebleau 38 almal uit
Beste kolwer: Malan Graham 77 lopies van 49 balle
Beste bouler: Michael Holmes 62 lopies
Fairland wen met 145 lopies

o/9 Groen vs Esperanza
Fairland Groen 29/1
Esperanza 28/almal uit
Fairland Groen wen met 9 paaltjies

o/9 Groen vs Louw Geldenhuys
Fairland Groen 82/3
Louw Geldenhuys 81/9
Beste kolwer: Hadrian Divito 27 lopies
Fairland Groen wen met 7 paaltjies

Krieket-aandreeks
1st vs Fontainebleau
Fairland 87/almal uit
Fontainebleau 86/9
Beste kolwer: JD Schreuder 31 lopies
Beste bouler: JD Schreuder 2/9 lopies
Fairland wen die finaal met 1 lopie

o/9- tot o/13-spanne
Oefentye
Maandae: 14:10 – 15:40
Dinsdae en Woensdae: 13:45 – 15:15

Voorlopige krieketbepalings
Neem asb. kennis dat onderstaande kan verander weens omstandighede buite ons beheer en briewe met korrekte inligting sal per hand aan spelers gegee word. Neem asb. kennis dat daar datums gaan wees wat verander as gevolg van die vakansiedae volgende week.

1ste span	19 Oktober	Dalmondeor	(weg)
	26 Oktober		Semi-finaal
	2 November		Finaal
2de span	19 Oktober	Fontainebleau	(tuis)
	26 Oktober		Semi-finaal
	2 November		Finaal
o/11A	22 Oktober	Dalmondeor	(tuis)
	29 Oktober		Semi-finaal
	5 November		Finaal

o/10A	21 Oktober	Dalmondeor	(weg)
	28 Oktober	Semi-finaal	
	4 November		Finaal
o/10-Groen	21 Oktober	Bryanston Parallel	(tuis)
o/9A	20 Oktober	Dalmondeor	(tuis)
	27 Oktober	Semi-finaal	
o/9-Groen	20 Oktober	Jan Celliers	(weg)
o/9-Geel	20 Oktober	Fontainebleau	(weg)

TENNIS

Seniordogters A verloor 44 – 36 teen Louw Geldenhuys
Seniorseuns A verloor 40 – 23 teen Louw Geldenhuys
Seniordogters B verloor 41 – 22 teen Rivonia Primary A
Seniorseuns A verloor 64 – 17 teen Montrose Primary
Seniortennis: Wedstrydbepalings

Neem asb. kennis dat daar datums gaan wees wat verander.

Seniordogters A

Woensdag	14 Okt.	Fontainebleau	(weg)
	21 Okt.	Parkview	(weg)
	28 Okt.	Curro Aurora	(tuis)

Seniordogters B

Woensdag	14 Okt.	Unika (A)	(tuis)
	21 Okt.	Trinity	(weg)
	28 Okt.	Bryanston	(tuis)

Seniorseuns A

Donderdag	15 Okt.	Fontainebleau	(weg)
	22 Okt.	Curro Aurora	(weg)
	29 Okt.	Crawford Sandton	(tuis)

Seniorseuns B

Donderdag	15 Okt.	Louw Geldenhuys	(weg)
	22 Okt.	Crawford Lonehill (A)	(tuis)
	29 Okt.	Trinity	(weg)

Tennisafrigting: gr. 1- en gr. 2-leerders

Indien daar enige belangstelling is, kontak asb. vir Philip Lawson (082 079-8531).

Oefentye

Dinsdae: 13:40 - 15:40

Donderdae: 14:10 - 15:10 (wedstryde word ook op Donderdae gespeel)

HOKKIE

Dogters

Fairland wen 1 – 0 vs Fochville
Fairland wen 1 – 0 vs Heidelberg Volkskool
Fairland wen 3 – 2 vs DF Malherbé
Fairland verloor 3 – 1 Crawford Lonehill
Fairland verloor 1 – 0 vs Maragon (Maragon wen die toernooi)

Ons o/13A - hokkiedogters het verlede Saterdag aan die Suid-Gauteng "Best of the Best" kampioenskap deelgeneem. Die dogters het uitstekend gevaar en hulle harde werk deur die jaar het beslis vrugte afgewerp. Hulle het 5 wedstryde gespeel waarvan hulle 2 verloor en 3 gewen het. Fairland eindig algeheel 3de in Suid-Gauteng. Maragon tree as die wenners uit die stryd.

Baie geluk, dogters!

SKAAK

o/13 wen 7 – 5 teen Radford House

Ontwikkelingspan wen teen King David Victory Park

LANDLOOP

Oefentye

Donderdag: 14:15 – 15:30

Onthou om jou tekkies saam te bring!

Mnr. Jordaan

Atletiek

	14:10-14:40	14:40-15:10	15:10 □ 16:10	15:45 □ 17:00
Maandag	Naellope o/11 - o/12 Velditems o/9 - o/10	Naellope o/9 - o/10 Velditems o/11 - o/12	Hekkies	Middelafstande
	13:50-14:20	**14:20-14:50**	**14:50 □ 15:50**	**15:45 □ 17:00**
Dinsdag	Naellope o/9 - o/12	Naellope o/9 - o/12	Hekkies	Middelafstande
Woensdag	Velditems o/9 - o/10	Velditems o/11 - o/12	Hekkies	Middelafstande
				14:00 – 15:00
Donderdag	Geen	Geen	Geen	Middelafstande

Rugbyvaardighede – 4de Kwartaal (vir leerders wat nie krieket speel nie)

Maandag : 14:00 tot 15:00
Dinsdag: 13:40 tot 14:40
Woensdag: 13:40 tot 14:40

INLIGTINGSENTRUM

WêRELDDAG VIR WISKUNDE: WOENSDAG 14 OKTOBER

Vanjaar is daar weer 'n geleentheid vir alle leerders vanaf gr. R tot gr. 7 om deel te neem aan die Wêrelddag vir Wiskunde. Besoek gerus die webtuiste: www.worldmathsday.com om self te registreer. Leerders mag dan op Woensdag hulle hoofrekene toets teen ander leerders van dieselfde ouderdom regoor die wêreld!

Enkele leerders vanaf gr. 4 tot gr. 7 sal deur die skool geregistreer word, maar enigeen kan self vanaf die huis registreer vir die uiters opwindende kompetisie!

Moet dit nie misloop nie! Registreer so gou moontlik en neem deel aan die wiskundepret!

WOW-SPELFEES

Baie geluk aan al die deelnemers in die provinsiale rondte van 18 September. Julle het julle almal puik van jul taak gekwyt en ons glo dit was 'n leersame en genotvolle ervaring om mondelings jou woorde te klank/spel voor 'n gehoor. Kompetisie is al hoe strawwer aangesien daar elke jaar meer skole betrokke is. Welgedaan! Ons is trots op julle!

Baie geluk aan die volgende deelnemers wat Laerskool Fairland in die nasionale rondte sal verteenwoordig op Saterdag 17 Oktober te Stellenbosch:

Gr. 1: Marlené van Niekerk het tweede geëindig en 'n silwermedalje verwerf.
Jako-Martin Müller het derde geëindig en 'n bronsmedalje verwerf.

Gr. 2: Rico Vosloo het eerste geëindig en 'n goue medalje verwerf.

Gr. 3: Leah Groeneveld het derde geëindig en 'n bronsmedalje verwerf.

Gr. 4: Mia Marais het derde geëindig en 'n bronsmedalje verwerf,
Kara Schreuder eindig tweede met 'n silwermedalje en Andries de Kock eerste met 'n goue medalje.

Gr. 6: Schalk Viljoen het derde geëindig met 'n bronsmedalje en
Mathilda Steyn tweede met 'n silwermedalje.

Gr. 8: Oud-leerder Saskia Bowman het eerste geëindig. Ons is trots op jou, Saskia!

Die volgende leerders is as reserwes aangewys en sal slegs aan die nasionale rondte mag deelneem as een van die ander leerders onttrek:

Dirk van der Berg (gr. 2) en Dawid Wiggett (gr. 3)

Sterkte aan julle (en julle mammas) met julle voorbereiding vir die nasionale rondte!

Welgedaan aan al ons spellers!

Baie dankie

Baie dankie aan die volgende mammas wat ingespring en gehelp het met ons voorbereiding vir die provinsiale rondte: Hannatjie Schreuder, Paulette Dyson, Anneliese Nel en Amanda Roos. Baie dankie aan Anneliese vir haar rondspring om alles warm te kry met die kragonderbreking. 'n Groot dankie aan Karen Brits wat vir die soettand iets gebak het. Baie dankie aan al die personeel van Laerskool Fairland wat altyd so entoesiasties optree as beamptes. Julle is 'n wenspan duisend!

Wow-groete!

Leanie Taljaard

ALGEMEEN

VERE-KAS

Tye

	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG
Oggend	07:10-07:40	07:10-07:40	07:10-07:40	07:10-07:40	07:10-07:40
Middag	13:30-14:00	13:00-13:30	13:00-13:30	13:30-14:00	Gesluit

Lillian Ankersmit

082 324-5034

DANKDIENS – 28 OKTOBER 2015

Ons wil graag weer die jaar afsluit met 'n projek wat waarde sal toevoeg tot elkeen van ons gesinne. Ons nooi u elkeen, elke ouer, elke oupa en oupa, elke kosbare leerder, boeties, sussies en maats na 'n onvergeetlike buitelug Dankdiens op ons paviljoen en rugbyveld. Ons Fairlanders gaan almal met kerse in die hand, saam met Joshua na die Reën en ons junior- en seniorkore lof bring aan God en heerlik saamsing om dankie te sê vir soveel seëninge hierdie jaar.

DAGBOEK ASSEBLIEF!

DANKDIENS

DATUM: Woensdag 28 Oktober
TYD: 18:30 tot 20:00
KOSTE: Gratis

Ons sien uit daarna om die jaar saam met elkeen van julle wat deel is van ons skool se hartklop, op hierdie hoogtepunt af te sluit.

Indien daar enige bereidwillige hande is wat sal help met die voorbereiding vir die aand, kontak asb. vir Melani Dirks (082 meld@telkomsa.net)

"Kom sing 'n lied om vir die Here dankie te sê…"
Psalm 147:7

VAKATURE

Algemene werker. Diensaanvaarding 1 Januarie 2016. E-pos CV aan karen@lsfairland.co.za voor of op 12 Oktober 2015 om 12:00.

Toediening van medikasie Gr. 1 tot Gr. 3

Indien 'n leerder ongesteld is en medikasie by die skool moet drink, moet u asb. die medikasie met duidelike voorskrif van die toediening aan die klasonderwyseres stuur.

10 Steps before Ritalin

'n Aantal van ons personeel het verlede kwartaal 'n baie insiggewende praatjie van dr. Hein Badenhorst bygewoon. Sy onderwerp was,"10 Steps before Ritalin". Ons deel graag hierdie 10 stappe met u oor die volgende 10 weke:

Stap 7: Aanvullings

Ons kry nie daagliks genoeg voedingstowwe uit die kos wat ons eet nie. Organiese aanvullings bly maar die beste.

Die belangrikste is:

- 'n goeie multi-vitamin in die oggend
- Vitamiene B (wat soggens en saans geneem moet word)
- Omega 3

Hou die Vinkie dop vir die volgende stappe.

Entrepreneursdag

Baie dankie aan alle gr.7-leerders en hul ouers vir al die moeite met die entrepreneursdag. Dit was 'n baie suksesvolle dag en die entrepreneurs het baie goed gedoen.

Baie dankie aan almal vir julle ondersteuning van die graad 7's.

Juf. Lillian

STERRE VAN DIE WEEK

Gr. 1/18	: Miané Pretorius	Gr. 1/22	: Petri Groen
Gr. 1/24	: Jayden Jordaan	Gr. 1/25	: Almé Vorster
Gr. 1/26	: Kaylee Meyer	Gr. 1/27	: Carlo Schoeman
Gr. 2/14	: Brennan le Roux	Gr. 2/15	: Anroux Barnard
Gr. 2/16	: Layton van der Merwe	Gr. 2/17	: Bridget Campbell
Gr. 2/21	: Pirrow Schoeman	Gr. 2/23	: Kayley Sanderson
Gr. 3/12	: Reuben Grobler	Gr. 3/13	: Danél Pieters
Gr. 3/28	: Kyle Visagie	Gr. 3/29	: Alicia Stontag
Gr. 3/45	: Marko McCarthy	Gr. 3/46	: Mika Theron

GOEIEGEDRAGSKNOPIE

Gr. 1/25	: Stephan Minnaar	Gr. 1/25	: Christiaan Campher
Gr. 2/16	: Alexander de Lange	Gr. 3/28	: Deoné Bothma
Gr. 4/49	: Daniela Popovic	Gr. 4/49	: Chrizelle du Plessis
Gr. 4/50	: Christelle Venter	Gr. 4/50	: Liam Parsons
Gr. 4/52	: Dorian Groenewald	Gr. 4/52	: Katya Strydom
Gr. 7/01	: Beorn Graham		

SPORT BUITE SKOOLVERBAND

BOOGSKIET-OPNAME

Ons wil graag julle belangstelling in boogskiet as 'n buitemuurse aktiwiteit toets. Daar is sekere kriteria waaraan ons skool moet voldoen voordat ons 'n boogskietprogram kan aanbied en dit hang van getalle af. Vir meer inligting oor die Nasionale Boogskietprogram besoek gerus www.nasp.co.za. Indien u belangstel om u kind daaraan bloot te stel, stuur 'n e-pos aan mnr. Johan Kamper by jk.8888@ymail.com.

C-MATHS

Die volgende leerders het aan C-Maths se streekskompetisie deelgeneem:

Mila van der Merwe verwerf 'n bronsmedalje en 'n sertifikaat.

Joof Enslin verwerf 'n goue medalje en 'n sertifikaat.

Baie geluk!

GIMNASTIEK

Danica Smit (gr.2) het aan die "North Zone" Gimnastiekkampioenskap vanaf 27 tot 29 Augustus deelgeneem. Sy behaal eerste plek op die bokkie en 2de plek vir die vloerroetine. Sy het algeheel 2de geëindig met 'n gemiddeld bo 9 vir al haar apparate. Hiervoor verwerf sy 'n goue medalje.

Chanté Smit (gr.4) het deelgeneem aan die Sentraal-Gauteng streeksgimnastiekkompetisie en kwalifiseer vir die Sentraal-Gauteng A-span. Sy het 'n 3de plek op die bokkie behaal en verwerf ook 'n goue medalje vir haar totale puntetelling van 35.4.

KARATE

Zane en Jayden Brown het op Saterdag 12 September aan die jaarlikse Palm Court karatekampioenskap deelgeneem te Wits Universiteit.

Zane (gr.5) het 'n tweede plek (silwer) gekry vir kumite en 'n derde plek (brons) vir kata (blou gordel 11jr -kategorie). Jayden (gr.1) het 'n tweede plek (silwer) gekry vir kumite (geel gordel 7jr-kategorie).

Caiden Bouwer (gr.1) het op Saterdag 13 September aan die Goju Ryu karatetoernooi deelgeneem. Hy het 'n silwermedalje verwerf vir die kata, oranje gordel ouderdom 7-8 jaar.

JUDO

Eric Beyl (gr.2) het vanjaar al aan 'n paar "Champion of Champions"- judokompetisies deelgeneem. Hy het 2 silwermedaljes, 'n goue en op Saterdag 12 September weer 'n goue medalje ingeoes in die o/24 kg-gewigsgroep. Hy het dan ook intussen gekwalifiseer om op 4 Oktober 2015 aan die Suid Afrikaanse Judo Skolekampioenskap te Johannesburg deel te neem. Geluk Eric en sterkte!

ADVERTENSIES

RESONANZE PROJECT MUSIEKSKOOL : BERARIO-ONTSPANNINGSENTRUM

DIS LENTE - KOM VUL DIE ATMOSFEER MET MUSIEK!

Resonanze Project Musiekskool bied klavier, sang, viool, kitaar, dromme en musiek programmering lesse aan vir jonk en oud!

Skakel Anthea, 081 351 7491, info@musicteach.co.za.

JUSTINE VELSORGPRODUKTE

Sy is kosbaar, sy is waardevol, 'n vrou na haar man se hart, sy is 'n Justine Vrou!

Justine is een van Suid Afrika se premier velsorgprodukte en lewer reeds 40 jaar spesiale sorg vir Suid-Afrikaners. Die velsorgprodukte is ontwerp vir die Suid-Afrikaanse klimaat en het vele bewyse van tasbare voordele. Justine kompeteer met internasionale produkte. Kontak gerus vir Marlene by 083 701 3586 of marlenebohmer@gmail.com vir Justine-produkte soos Tissue-olie, "Anti-Aging" produkte en daardie spesiale skoonheidsproduk vir die spesiale vriendin. Die eerste 5 bestellings kry 5% afslag!

HUIS TE KOOP NORTHCLIFF / FAIRLAND

Ruim, 4-slaapkamer huis met studeerkamer, 3 groot kuiereareas en groot onderdak patio met swembad en pragtuin. Drie oorgedoende badkamers en kombuis met soliede houtkaste, gasstoof, spens en opwasarea. Die huis is gereed om in te trek en lekker te bly. Geen werk benodig. +- 400 m² huis en 1750 m² erf. Uitstekende sekuriteit. R3,350,000.00. Kontak Anet 0833112986.

WISKUNDE-KLASSE

In Berario: Kontak Heidi 0823787978

EIENDOM POTCHEFSTROOM BY PUK SE HOOFHEK

CLASSIC SQUARE, Steve Bikostraat. Op die Bult, regoor Virgin Active Gimnasium. Bo Boeresjiek Wegneem-etes. Loopafstand van alles! Moderne, veilige en smaakvolle 2-slaapkamer woonstel. (96m²) 2 en-suite badkamers. Moderne kombuis met granietblaaie. Oopplan woon- en eetkamer. Moderne blinders in hele woonstel en Trellidordeure voor skuifdeure. Ideaal vir studente, werkende jongmense of vir belegging. R1.8m. Kontak: Schalk 083 327-2523 of Irene 083 651-7230.

EKSTRAKLASSE: WISKUNDE EN ENGELS

Ekstraklasse asook eksamen- en toetsvoorbereiding. Geleë naby Laerskool Fairland. Gekwalifiseerde onderwyseres (gee ook klas by Laerskool Fairland). Klein groepe. Kontak Lindsay vir meer inligting 072 420-2955.

HUIS TE KOOP IN FAIRLAND

Naby skool geleë. Privaatverkoper. Prys onderhandelbaar. Volg hierdie "link": http://www.privateproperty.co.za/sophia-street-fairland-t3987.htm?rt=viewdetails. Kontak Christine per e-pos cbrand.1975@gmail.com.

MEENTHUIS TE HUUR IN STRUBENSVALLEI

Beskikbaar vanaf 1 November 2015. 4 slaap-; 2 badkamers; 2 leefareas, Jacuzzi. Park vir huurders se gebruik. Naby Mr Price Home in Hendrik Potgieterstraat. Huur R9 000.00 (water en ligte uitgesluit). Kontak 082 451-9287.

VLEIS TE KOOP

Vrylopende lam te koop! Heerlike Vrystaatse soetveld-lammers met geen groeihormone nie. Half- of heel lam @ R98/kg. Verpak en versnit volgens jou voorkeur (vakuumverpakking).

Vrylopende plaashoenders te koop, hormoonvry. Heelhoender @ R32/kg en braaipak (heelhoender versnit) @ R38/kg, plus R3 kommissie per hoender. Nek, maag en lewer ingesluit by die verpakking.

Kontak Helena by 082 337-0051 of hvanzyl@telkomsa.net.

CRAFTIES - ARTS AND CRAFT MARKET 10 OKTOBER 10:00 TOT 15:00

Enrol now for kiddies holiday fun on 10 October and bring Mom along for the crafters market.

Welties Kiddies Party venue, Cnr Cornelius & Albert Street, Weltevreden Park. Stalls available for crafters. More info e-mail craftiesmarket@gmail.com or visit http://moniquem71.wix.com/crafties

FLAT TO RENT

Lovely spacious second floor unit to rent with garden views on private property in Fairland.

Unit is approx 130sq with a beautiful spacious bedroom, walk in closet and en suite bathroom.

The kitchen has a patio overlooking Northcliff. A second balcony/patio off the lounge and dining room with garden views! A tandem parking space is available for 2 cars. Rental R7000 includes utilities. Deposit required, no pets or smokers! Contact Lauren 082 835 8016 or Flatletfairland@gmail.com

RAWSON
TEL: 011 678 5725
275 Pendoring Road | Northcliff
jan.ob@rawson.co.za
www.rawson.co.za
Properties

expressing
HOPE
benefit concert
THE BOYS are back 2
23 OCTOBER 2015
19:30 @ MOSAÏEK TEATRO
ALEXANDER VENTER • MATHYS ROETS • JAKKIE LOUW • DEWALD WASSERFALL • KEVIN LEO
and Tim Theron as MC
Computicket
Estelle Mengel
estellem@mosaiek.com
011 268 4779
lawprint

MelCreations
Markdag
1 Oktober 2015
Die weer tyd vir ons jaarlikse markdag!
Gebruik hierdie geleentheid om na ons
dekor, kuns & stasie-toebehore vir jou
huis & tuin te kom loer.
Ons stuur nuwe Blossom reeks
aan vir 'n unieke lente Feur...
tafeldekor, kaasborde, houtrose, jare,
kroon, engele en ander bekostigbare
besienswe!
Kom kuier & lag saam in ons tuintuin met lekkie vertuidik
te eet en 'n glasie wyn te drink.
'n Tee'tjie en koffie ook beskikbaar.
Wanneer: Donderdag, 1 Oktober
Waar: Caspersstroot 115, Fairland
Tyd: 09:00 - 19:00
MELANIE & ROCHELLE

NOW OPEN

011 475 0439

Cnr Hendrik Potgieter Rd
& Albert St
Weltevreden Park
Roodepoort
1709

RocoMamas

WE'RE NOT NORMAL

smashburger ★ ribs ★ wings

Arbor Fairland Pre-premêr bied die volgende vir Gr. R in 2016 aan:

- Klein klassies (16 leerders)
- Individuele aandag
- Intieme, veilige, huislike omgewing
- Goed toegeruste klaskamers en speelterrein
- Skoolgereedheidsprogram
- Gekwalifiseerde onderwyseresse
- Buitemuurse aktiwiteite

Skoolgelde sluit ook die volgende in:

- Rekenaarklasse
- Musieklesse
- Gre-Grow wiskundelesse
- Uitleenbiblioteek
- Skryfbehoeftes
- Toiletware
- Verversings
- Middagete

Kom besoek ons by Cornelisstraat 137, Fairland of kontak die skool tussen 7h00 en 14h00 op 011 678 5336

Beperkte plek beskikbaar

arbor

FAIRLAND PRE-PRIMÊR

Die skool waar jy kleintyd ontwikkel en groei.
jou takkies versprei en uiteindelik saad skiet waarop almal trots is

BAIE DANKIE!...

vir elkeen se ondersteuning die afgelope kwartaal en veral aan die vrywillige skenkers, donateurs en werkers wat die afgelope projekte van Vriende van Fairland 'n groot sukses gemaak het. Julle onbaatsugtige ondersteuning word opreg waardeer!

'n **Spesiale DANKIE** aan almal wat bygedra het tot Keanan se Kilimanjaro fondsinsameling, aan al die borge, maatskappye, leerlinge en ons ouers....wat so vrywillig bygedra het en so hul ondersteuning getoon het.

Keanan het begin klim die 28ste en bereik die Uhurupiek (5895m) op 4 Oktober, waar hy sy 13de verjaarsdag sal vier! Volg Keanan gerus op Laerskool Fairland se Facebookblaai en Instagram. ***Bydraes is nog welkom.***

Ons sien uit na die 4de kwartaal en na al die seëninge wat dit inhou vir al ons Vriende van Fairland!

Vakansie groete van VVF en veilig reis.

Vriende van Fairland

Keanan_klimkili

Laerskool Fairland